Quagga, No. 15 Spring 1986

(771)

# AUGRABIES SE SWART RENOSTERS

**Anthony Hall-Martin**



*Die Etosha swart renosters het hulle goed aangepas by die plantegroei van Augrabies.*

Augrabies het toe sy swart renosters 'n jaar gelede gekry. Die dramatiese vangoperasie in die Nasionale Etosha Wildtuin van Suidwes Afrika is vlink gedaan deur die wildvangspan van die Direktoraat Natuurbewaring. Die vervoer van die ses diere op die lang pad vanaf Otjovasandu tot in die Augrabies Waterval Nasionale Park het ook goed verloop. Die SAUK het, deur 'n program wat uitgesaai is op 50/50, die operasie wyd bekendgestel. So ook, het 'n hele reeks koerantverslae en artikels in verskillende tydskrifte verskyn.

Vir ons van die Nasionale Parkeraad was dit verblydend dat die projek goed verloop het, dat 'n positiewe natuurbewarings aksie bekendgemaak is, en nie die minste nie dat die openhartige borge van die projek ook 'n paar pluimpies gekry het. Hier dink ons veral aan die Trust vir Bedreigde Natuurlewe wat hulle hande diep in die sak gesteek het en 'n R10 000 bydrae gemaak het. Aan die lede en vriende van die Trust het die Parkeraad al formeel sy dank betuig. Maar meer as dankie sê is daar ook vir die Trust se mense veel ander redes vir geluk.

Die oorspronklike Kaapse swart renoster wat in die vorige eeu uitgesterf het, se naasbestaandes het gelukkig in die dorre wêreld van Damaraland, die Kaokoveld en Etosha voortbestaan. Hulle getalle het ook sterk aangegroei vanaf 1970 danksy die doelgerigte optredes van Suidwes Afrika se Direktoraat Natuurbewaring wat meer as 40 swartrenosters verskuif het van boerdery gebiede tot in die veiligheid van Etosha. Van die afstammelinge van hierdie diere, en die plaaslike Etosha bevolking, is dan

die teelgroep uitgehaal vir Augrabies.

Nadat hulle in Augrabies vrygelaat is, was daar 'n tragedie toe een van die koeie haar doodgeval het by 'n krans af. Sy het maklik afbeweeg na die rivier toe, maar op pad terug het sy op 'n rotsbank gegly en geval. Met die ander vyf diere het dit goed gegaan. Die plaaslike Parkhoof, Mnr. Piet Bronkhorst en sy span veldwagters is nou al gesoute swart renoster opvolgers. Hulle doen gereelde patrollies deur die veld om vas te stel waar die diere hulle bevind, waar hulle drink en watter plante hulle vreet.

Die manne ken die vyf swart renosters nou al baie goed, en kan van die spore aflei watter dier hulle volg. Elkeen van die renosters het 'n kenmerkende spoor wat varieer in grootte en die patrone van die groewe en voue van die voetsool self. Een van die bulle, bekend as "Ou Arrie", se "hakskene" is heeltemal glad getrap. Die veldwagters het nou al goeie ondervinding van hoe om renosters te benader en hoe nie. As 'n man moet hol vir jou lewe dan leer jy vinnig.

Ek maak self ook gereelde besoeke aan Augrabies en gaan dan ook uit om die renosters te soek. Hulle kondiesie lyk vir my na 'n jaar in hulle nuwe tuiste heel goed. Daar is al uitgetrapte renosterpaadjies na die fonteine toe, daar is koel lêplekke onder ruie boerboon boskasies waar die diere gereeld rus en slaap, en orals is daar al verouderde mishope. Augrabies is nou renosterswêreld.



Vir die borge van hierdie projek — die Trust, Ford, Cargo Carriers, Avis, Shell, CWI, Gypsum Industries, Freyssinet, JCI, Haggie Rand, die Natuurlewevereniging en die natuur bewaringsinstansies wat betrokke was, is dit goed om te weet dat die renosters nou na 'n jaar heeltemal tuis is in Augrabies. Daar kort nog net een verdere kennisgewing van die renosters se kant af dat hulle ingeburger voel. En die nuus is miskien al op pad — want die veldwagters vind dit mos snaaks dat een van die bulle onlangs pal op die spoor van die jongste koei loop. Vir wat sal dit nou wees?


MASHATU GAME RESERVE
MEMBER OF THE SAFMARINE/RENNIES GROUP
BOTSWANA

## ASTRONOMY IN THE WILDERNESS 17TH — 20TH OCTOBER 1986

led by Danie Overbeek, one of South Africa's leading astronomers.

Mashatu Game Reserve is the largest private game reserve in [illegible] and is situated in the North Eastern Tuli [illegible] of Botswana. The reserve is renowned for its [illegible] and in particular the [illegible] herds, which represent the largest [illegible] Africa still surviving on freehold land. [illegible] residents include lion, leopard, [illegible] wildebeest, impala, zebra and an [illegible] Mashatu Game Reserve is an [illegible] 520km drive from Johannesburg.

### THIS SPECIAL PACKAGE TO MASHATU INCLUDES THE FOLLOWING:

- Luxury accommodation at Majale Lodge which is a fourteen bedded unit situated in the central wilderness area of the reserve. It features a filtered swimming pool, venison cuisine, and warm hospitality from the staff.
- Telescope viewing, slide shows and lectures by Danie Overbeek.
- Bush braais and breakfasts out in the wilds.
- Each excursion group will comprise a maximum of 12 persons.
- Game drives in open 4-wheel drive vehicles with experienced rangers and trackers.

R450 PER PERSON FULLY INCLUSIVE OF ACCOMMODATION, MEALS, AND GAME DRIVES.

For futher information, brochures and reservations contact Mashatu Game Reserve, P.O. Box 32501, Braamfontein, 2017. Telephone (011) 339-1485/6.